3. Jesus begin in sy tuisdorp

Lukas 4:14-30

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **20 MIN**

- Vertel vir mekaar waar julle grootgeword het.
- Hoe is jy vandag anders as toe jy op skool was?
- As jy een ding in jou tuisdorp kon verander, wat sou dit wees?

AANBIDDING: **5 MIN**

Ons kan God vereer vir wie Hy IS. Maak 'n lys van die eienskappe van God. Laat een persoon in gebed dan vir God eer hiervoor. Vra ook een persoon om die lys met eienskappe vir almal beskikbaar te stel (bv. met e-pos of kopieë om te bêre).

BYBELSTUDIE: **35 MIN**

Lees Lukas 4:14-30. Laat elkeen in die groep een vers hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Wat is Jesus se vyfvoudige roeping en sending (4:18-19)? Hoe het Jesus dit destyds uitgevoer?
- Hoe voer Hy dit vandag uit? *(Wie is die "armes"? Waaraan is mense gevange? Wat sukkel mense vandag om te sien? Wat onderdruk ons? Waar is genade nodig?)*
- Waar kan jy betrokke wees in elke element van hierdie bediening?
- Waarom was dit vir die mense van Kapernaum moeilik om te aanvaar wie Jesus regtig is?
- Waar is Jesus in ons lewe te "bekend"?
- Hoe kan ons Jesus se opdrag uitvoer by mense wat ons baie goed ken? Hoekom is dit moeiliker by hulle as by ander mense?
- Waarom wou die mense van Nasaret Jesus doodmaak?
- Watter van Jesus se woorde maak mense vandag ook só kwaad?

GETUIG: **5 MIN**

Om te getuig is nie net om te praat nie. Hoe kan ons oor Jesus getuig sonder om te praat? Hoe sien julle Jesus in mekaar?

DIENSWERK: **5 MIN**

Kry julle dit al reg om mekaar te dien? Bespreek julle dienswerk aan mekaar verder.

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Danksegging is om vir God dankie te sê vir wat Hy doen. Op watter maniere kan julle vir God dankie sê? Wat is daar waarvoor julle as kleingroep vir God kan dankie sê? Bid saam deurdat elkeen die volgende sin voltooi as sy/haar gebed:

“Here, ek dank U .....”

ADMINISTRASIE: **5 MIN**